

Maandag

Skriflesing Gal. 3: 23 – 4: 7; 4: 21- 5: 1; Jer. 31: 31 – 37. Teks Galasiërs 4: 28 “En julle broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte. (Direkte Afrikaanse vertaling) Tema: "Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders." Ons doop babas met water sodat hulle 'n teken dra wat wys dat hulle regtig regte kinders van God is. Die doopwater maak hulle nie kinders van God nie. Hulle is regtig regte kinders van God, omdat hulle in Jesus Christus ingedoop is. Om met water gedoop te word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees wys dat jy regtig ingedoop is in Jesus Christus. Daarom sê Paulus in Gal. 3: 27 ons is “in Christus” gedoop. Wie in Christus ingedoop is, is regtig God se regte kinders! Want God se regte kinders is beloftekinders! Gal. 4: 28: “En julle, broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte.” Kinders van God se belofte en daarom beloftekinders! Om 'n beloftekind van God te wees, beteken NIE

- a. dat 'n baba 'n kind van ouers se beloftes aan mekaar is nie,
- b. 'n kind van ouers se beloftes aan die kind is nie,
- c. 'n kind van ouers se beloftes aan God is nie en
- d. ook nie 'n kind is wat sy eie beloftes eendag aan God moet gaan maak nie.

Hulle is kinders van God se belofte om vir hulle God te wees en hulle sy kinders te laat wees. Beloftekinders is kinders van die belofte van Jer.31: 37:

1. 'n Kind vir wie God, God is en God self hom sy kind laat wees (God en volkbelofte),
2. 'n Kind aan wie se oortredings God nooit sal dink nie, maar vergewe en
3. 'n kind wie God vir Hom lief maak en lief laat wees (belofte van woord op hart en in gedagtes).

Om God se beloftekind te wees, beteken dat die Here self jou vir Hom sal lief maak! Niemand anders behalwe die Here self sal jou vir Hom lief maak nie! Nie jou ouers nie, nie jou boeties of sussies nie, nie jou vriende nie en ook nie dominees of ander groot mense nie. Jer.31:33. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Gal. 3: 23 – 4: 7; 4: 21- 5: 1; Jer. 31: 31 – 37. Teks Galasiërs 4: 28 “En julle broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte. (Direkte Afrikaanse vertaling) Tema: "Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders." Hoe maak die Here kinders, sy beloftekinders? Dit is wat die doop met water ons wys! Die Here maak kinders sy beloftekinders deur hulle in Christus in te doop, in te sluit en te laat deel is wie Jesus Christus is. In Gal. 4: 4, 5 kondig Paulus aan dat Christus, wat God en Here is, net soos ander kinders uit 'n vrou, Maria, gebore is. Die manier waarop die Here gebore was, word genoem “onder die wet”, dit is “onder die Tien Gebooie.” “Onder die wet” gebore beteken volgens Gal. 2 dat jy volgens God se gebooie reg moet leef, om 'n regte kind van God te wees en as jy nie volgens die Here se gebooie reg leef nie, is jy nie 'n regte kind van God nie. Christus is só gebore: Hy is as kleintjie gebore om regtig reg te leef om vir God sy regte kind te wees. Dit het die Here gedoen om ons los te koop van om "onder die wet" te wees. Loskoop beteken

die Here maak jou los van die wetsmanier waarop jy vir die Here regtig sy regte kind is. Hy maak jou nou op 'n heeltemal ander manier sy kind. Gal. 4: 5: om ons ... los te koop sodat ons as kinders van God AANGENEEM kon word." Christus maak dat jy regtig God se regte kind is, omdat God jou AANNEEM, nie omdat jy alles reg doen wat die Here vir jou in sy wet sê nie. Die Here NEEM JOU AAN omdat jy ingedoop is in Christus. Omdat jy ingedoop is in Christus deel Christus al jou oortredings en sondes en vat Hy dit weg met sy lyding, kruisiging en dood. Omdat jy ingedoop is in Christus, tel sy lewe wat Hy reg lewe vir jou op so manier dat jy ook vir die Here reg is, al leef jy nie reg nie. God neem jou as sy beloftekind aan omdat jy ingedoop is in Christus! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Gal. 3: 23 – 4: 7; 4: 21- 5: 1; Jer. 31: 31 – 37. Teks Galasiërs 4: 28 "En julle broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte. (Direkte Afrikaanse vertaling) Tema: "Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders." Paulus wys dat 'n mens twee soorte kinders kry: God se beloftekinders en natuurlike kinders. Gal.4:23. "Die slavin se seun is op 'n natuurlike manier verwek, maar die vrou wat vry is, se seun op grond van 'n belofte." (Direkte Afrikaanse vertaling) Só: Abraham het 'n natuurlike kind gehad én 'n beloftekind! Natuurlike kinders, is kinders volgens 'n man en vrou se belofte om saam kinders te wil hê en die belofte dat hulle goeie ouers van die kind sal wees. Natuurlike kinders is kinders van ouers se beloftes, kinders wat kamstig geestelik reg is omdat

a. óf hulle ouers hulle reg grootmaak,

b. óf hulle as kinders hulle self reg maak!

Dit is 'n kind wat nie deel van God se liefde is nie en waar mense (ouers) belowe om hierdie kind deel van God se liefde te máák en hierdie kind vir God lief te máák.

Beloftekinders is kinders wat die HERE SELF lief maak vir Hom. Daarom is natuurlike kinders se ouers hulle geestelike voogde en bestuurders wat hulle geestelik moet beheer. Gal. 4:2 Die verskil tussen mense se geestelike beheer oor kinders en die Here wat self sy beloftekinders vir Hom lief maak, is 'n direkte verwysing na Jer. 31: 34 "n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sál My dien, klein en groot sê die Here." Die Hebreeuse woord vir "dien" beteken om die Here te ken. Natuurlike kinders is mense, klein en groot, wat nie die Here ken nie, waar mense ander mense moet leer om die Here te ken. Volgens Gal. 3: 19 en 20 word hierdie mense genoem: tussengangers of bemiddelaars tussen God en mense. Beloftekinders, groot en klein, is nie vir mekaar tussengangers wat mekaar geestelik beheer of toesig oor mekaar hou nie. Die HERE self maak sy beloftekinders vir Hom lief - nie geestelike voogde en bestuurders nie, ook nie ouers nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Gal. 3: 23 – 4: 7; 4: 21- 5: 1; Jer. 31: 31 – 37. Teks Galasiërs 4: 28 "En julle broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte. (Direkte Afrikaanse vertaling) Tema:

"Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders." In God se verbondsliefde is ouers nie hulle kinders se geestelike voogde en bestuurders nie. Ouers is saam met hulle kinders die Here se beloftekinders. Ouers wat saam met hulle kinders beloftekinders is, doen twee dinge wat anders is as ouers wat geestelike voogde en bestuurders van hulle kinders is: hulle leef met mekaar saam in God se liefde en hulle getuig teenoor hulle kinders van Christus. Om met mekaar as ouers en kinders saam te leef as die Here se beloftekinders, beteken dat ouers en kinders saam aanvaar dat hulle elkeen en almal in Christus gedoop is. Hierdie lewenswyse in die geloof som Paulus op in Gal. 2: 20 en ons kan dit soos volg toepas: "Die lewe wat ons as ouers en kinders nou liggaamlik lewe, leef ons in die geloof in die Seun van God wat ons liefgehad het en Homself vir ons sondes oorgegee het." Belofte-ouers leef in die geloof dat God hul kinders sý beloftekinders laat wees: hulle is ingedoop in alles wat Christus vir hulle gedoen het en deel alles wat Christus hulle by insluit. Hulle glo dat al die sondes wat hulle kinders doen, het God vergewe en God dink nie aan hulle kinders se oortredings nie, maar aan hulle diens en liefde. Hulle aanvaar dat God die Vader is hulle kinders se Vader, Hy maak hulle vir Hom lief en laat hulle liefde vir Hom reg wees. Daarom is belofte-ouers ook vir hulle kinders getuies. Hulle kan vir hulle kinders getuig om God vrymoedig as sy beloftekinders te kan liefhê en van hul vergifnis seker te wees. Hulle kan getuig dat hulle kinders vir God reg is omdat hulle in Christus ingedoop is en nie omdat hulle alles reg doen wat God sê hulle moet doen nie. Belofte-ouers kan daarom somer net saam met hul kinders die Here liefhê, dien eer, loof en dank! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Gal. 3: 23 – 4: 7; 4: 21- 5: 1; Jer. 31: 31 – 37. Teks Galasiërs 4: 28 "En julle broers, is – net soos Izak – kinders van die belofte. (Direkte Afrikaanse vertaling) Tema: "Omdat ons in Christus ingedoop is, is ons God se beloftekinders." Geestelike en goddelose ouers glo nie dat hulle saam met hul kinders beloftekinders is wat in God se liefde leef nie. Sogenaamde geestelike ouers glo dat net hulle en nie klein kinders, God se kinders is nie, omdat hul kinders nog nie God in hulle lewe ingenooi het en met goddelike krag vervul is nie. In hierdie bygeloof sien hulle hul kinders as natuurlike kinders vir wie hulle as ouers geestelike voogde en bestuurders is. Hierdie ouers probeer hul sogenaamde "ongeestelike" kinders lei, bestuur en beheer om geestelik te word met bekerings en godsvervullings. Goddelose ouers ontvoog hulle self van hierdie gewaande geestelike beheer van hul kinders met die onafhanklikheidsverklaring dat hul nie vir hulle kinders keuses maak of wil dwing nie, hulle moet eendag self besluit hoe en of hulle God wil dien. Daarom leef ook hulle, net soos geestelike ouers nie saam met hulle kinders in God se liefde nie. Ongeag hierdie aanstellerighede van geestelike en goddelose ouers, bly God getrou aan babas en klein kindertjies om hulle sy beloftekinders te laat wees. God self verklaar dat hulle sy beloftekinders bly, ongeag die bygeloof of ongeloof van hul ouers. God se liefde vir hulle kan net so min verdwyn as wat die skepping voor God kan verdwyn of net so min verander soos mense met hul slimmighede God se werke kan peil. Jer.

31: 35-37. Om die liefde wat God in sy beloftekinders vir Hom skep, te ontken en dood te probeer leef met geestelike en goddelose slimmighede teenoor kinders, is niks anders nie as kinderverwaarlosing en kindermishandeling van God se beloftekinders deur hul ouers. Maar Belofte-ouers getuig van en leef saam met hul beloftekinders in God se troue liefde. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus